24 Maart 2024

# genoot

## N.G Rustenburg-Suid

**Landlyn:** 014 592 2419 **Selfoon:** **071 436 0102** **E-pos:** ngrbsuid@gmail.com
**Kantoorure:** 10:00 – 14:00 **FB:** ngkerkrustenburgsuid **Webblad:** www.ngrustenburgsuid.co.za

**Bankbesonderhede:** ABSA, Tjekrekening: 1220580128, Takkode: 632005 (Vir deposito's: EFT/kontant)
(**Kruisgenoot:** *Registreer op die kerk se webblad om die Kruisgenoot per e-pos te ontvang.)*

**Sondag, 24 Maart:**
*09:00 Erediens /* ***Doop:*** **Ds. H. De La Guerre**
Alle projekspanne
***Tee: Dankie C-wyk***
Kom drink saam in die saal!!

**Woensdag, 27 Maart:**
Geen Bybelstudie

**Vrydag, 29 Maart: Goeie Vrydag**
**08:00 Nagmaal**

**Sondag, 31 Maart:**
*09:00 Erediens:* **Ds. J. Bezuidenhout**
Alle projekspanne

***Tee: Dankie D-wyk***
Kom drink saam in die saal!!

**Woensdag, 3 April:**
09:00 Bybelstudie ... Kom deel die woord saam met ons! Almal welkom!

## KOM ONS BID VIR:

| SIEK / HOSPITAAL | |
|---|---|
| Bessie en Hansie Ströh | Freddie Alberts |
| Jacolien Teessen | Marie Nel |
| Jac en Gerda v.d. Bergh | Pieter Sevenhuyzen |
| Lienke Venter | David J van Vuuren |
| Annatjie Smuts | Pieter de Wet |
| Wimpie Espach | Johan Mans |
| Santie de Wet | Pricylla Erasmus |



## BEROEP – LERAAR

Op kerkraadsvergadering gehou op 14 Maart 2024 is besluit dat ds. Driaan Britz van Pierneefrant beroep sal word.




Ons wil baie geluk sê aan Craig & Anike-Donay Scheepers met die doop van **Alexis & Schalk**.

# VERJAARSDAE:




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **26 Maart** | Sarie Hattingh | | **29 Maart** | Andria Eriksen |
| **27 Maart** | Marcel Bezuidenhout | | **29 Maart** | Arno Lochner |
| **27 Maart** | Riana Kotze | | **30 Maart** | Annette Bester |
| **28 Maart** | Elmarie Bronkhorst | | **30 Maart** | Jacolien Teessen |

## BLOMBEURTE:

Kan ons nie weer 'n **blom of plant elke Sondag voor in kerk plaas nie**?
Indien jy graag wil, stuur jou naam en datum
*(indien jy spesifieke datum het)* deur na kerkkantoor!




## Dankbaarheidshouer:

'n Paar jaar gelede het ons met die houer as 'n "Verjaarsdaghouer" begin, toe verander dit na **"Dankbaarheidshouer"**. Dit gee **groter betekenis aan die houer!**
Dink net aan: **hoe geseënd is ons**, die reën, gesondheid, nuwe baba, verjaarsdag so kan ons baie opnoem. Jy kan bv. 'n R1-00 vir *elke jaar* wat jy gespaar is ingooi of vir *elke kleinkind*.
**Ons almal het iets waarvoor ons dankbaar is.** *Die inhoud van die houer word aangewend tot uitbreiding van God se koninkryk.*

## Besoeke:

Ons nooi ons gemeente uit om gerus die kerkkantoor
te skakel vir die volgende:
Indien ‘n tuisbesoek of hospitaalbesoek van ‘n leraar verlang...



## Uitreik:

Soms het lidmate vervoer probleme om by kerkbyeenkomste uit te kom.
Indien jy wil help, gee jou naam deur aan kantoor.
Indien jy vervoer probleme het, gee ook asb jou naam deur!!!



**Onthou in ons voorportaal is boeke wat GRATIS geneem kan word!!!**



HOU MEKAAR VAS

FOKUS '23

**Die Noordelike Sinode se fokus vir die jaar word verbeeld in hierdie logo:**

# DEERNIS – BEGRIP – WAARDERING

Hierdie drie kernwoorde, **Deernis, Begrip En Waardering**,
verwoord op 'n besondere manier die
Noordelike Sinode se fokus vir hierdie jaar.

## DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

**Die Tweede Deel:** ***Die verlossing van die mens***

## Sondag 12

**Vraag 31: Waarom word Hy Christus, wat Gesalfde beteken, genoem?**

**Antwoord**: Omdat Hy deur God die Vader bestem en aangestel en met die Heilige Gees gesalf is (a) tot ons hoogste Profeet en Leraar (b), wat aan ons die verborge raad en wil van God aangaande ons verlossing ten volle bekend gemaak het (c); tot ons enigste Hoëpriester (d), wat ons met die enige offer van sy liggaam verlos het (e) en met sy voorbidding gedurigdeur by die Vader vir ons intree (f); tot ons ewige Koning, wat ons met sy Woord en Gees regeer en ons by die verlossing wat verwerf is, beskerm en bewaar (g).
*(a) Ps 45:8; Heb 1:9; Jes 61:1; Luk 4:18. (b) Deut 18:15; Hand 3:22; 7:37; Jes 55:4. (c) Joh 1:18; 15:15. (d) Ps 110:4. (e) Heb 10:12; 14; 9:12, 14, 28. (f) Rom 8:34; Heb 9:24; 1 Joh 2:1; Rom 5:9, I0. (g) Ps 2:6; Sag 9:9; Matt 1:5; Luk I:33; Matt 28:18; Joh 10:28; Op 12:10, 11.*

**Vraag 32: Waarom word jy 'n Christen genoem (a)?**

**Antwoord**: Omdat ek deur die geloof 'n lid van Christus is (b) en daardeur deel aan sy salwing het (c) sodat ek sy Naam kan bely (d), myself as 'n lewende dankoffer aan Hom kan toewy (e) en in hierdie lewe met 'n vrye gewete teen die sonde en die duiwel kan stry (f) en hierna met Christus in ewigheid oor alle skepsels kan regeer (g).
*(a) Hand 11:26. (b) 1 Kor 6:15. (c) 1 Joh 2:27; Hand 2:17. (d) Matt 10:32; Rom 10:10. (e) Rom I2:1; 1 Pet 2:5, 9; Op 1:6; 5:8, 10. (f) 1 Pet 2:11; Rom 6:12, 13; Gal 5:16, 17; Ef 6:11; 1 Tim 1:18, 19. (g) 2 Tim 2:12; Matt 25:34.*

## Uitnodiging van Saamspan: Almal 55 jaar en ouer:

Kom kuier saam!!! **Dinsdag 9 April om 09:00**.
*Daarna elke 2de en 4de Dinsdag van die maand.*

Bring al jou vriende saam!!

***Waar:*** Gereformeerde Kerk Wes Gemeente, Klopperstraat 260